

Ontmoet ...

Die nuwe
Totius-Akademie

Onafhanklike skool
vir Christelike onderwys van hoë gehalte



Prospektus
2018-06-11

Inhoudsopgawe

Wie is Totius-Akademie?.....	1
Waar is Totius-Akademie geleë?.....	1
Hoe het Totius-Akademie begin?.....	1
Wat is Totius-Akademie se bestaansrede?	2
Aan wie behoort Totius-Akademie?.....	2
Is Totius-Akademie 'n kerkskool?.....	3
Wat beteken dit dat Totius-Akademie 'n onafhanklike skool is?.....	3
Staan Totius-Akademie heeltemal op sy eie?	4
Wie kan by Totius-Akademie inskryf?	5
Hoe word Totius-Akademie gefinansier?	5
Wat maak Totius-Akademie besonders?	6
Watter bykomende dienste bied Totius-Akademie?	7
Watter skooljaar en skoolure volg Totius-Akademie	8
Hoe lyk Totius-Akademie se skooldrag?	8
Waarom word Totius-Akademie as 'n nuwe skool bemark?	8
Wat is Totius-Akademie se strategie vir die volgende aantal jare?.....	9
Wie dien tans op Totius-Akademie se bestuurspan?.....	9
Wat het Totius-Akademie se leerders al bereik?	10
Hoe kan ek meer oor Totius-Akademie uitvind?	11
Wat moet ek doen as ek besluit om my kind by Totius-Akademie in te skryf?	12
Nog meer inligting oor Totius-Akademie is op aanvraag beskikbaar .	12

Wie is Totius-Akademie?

Totius-Akademie is tans die enigste onafhanklike (privaat-) laerskool in Potchefstroom wat Afrikaans-medium onderwys op Christelike grondslag aanbied.¹

Waar is Totius-Akademie geleë?

Die skool is tans geleë op die **hoek van Molen- en Esselenstraat, Potchefstroom**. Die gebou is 'n historiese gedenkwaardigheid.

Totius-Akademie huur die gebou by die eienaar, naamlik die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Die gebou is in 1907 opgerig as die Ou Voorbereidende Skool en was een van die eerste geboue in die gebied wat later as die Bult bekend sou staan. Die Ou Voorbereidende Skool was 'n onafhanklike skool en het leerlinge voorberei vir universiteitstudie. Op 'n stadium is 150 leerlinge in die gebou gehuisves.

Potchefstroom Gimnasium het uit die skool ontstaan en het later 'n openbare skool geword. Potchefstroom Gimnasium was aanvanklik geleë in die geboue wat tans deur Laerskool Mooirivier gebruik word.

Totius-Akademie is vir ongeveer tien jaar in die kategeselokale van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom voordat dit by die Ou Voorbereidende Skool ingetrek het.

Die skool kan in die huidige lokale ongeveer 70 leerders huisves. Die ideaal is om uiteindelik 'n eie skoolgebou te bekom.

Hoe het Totius-Akademie begin?

Totius-Akademie is in 1996 deur 'n vereniging van ouers en belangstellendes gestig. Die skool bestaan dus al meer as 21 jaar.

¹ Daar is tans 'n hele aantal onafhanklike skole in Potchefstroom, maar nie een daarvan is uitgesproke Christelik-Reformatories en ook Afrikaans nie. Dieselfde geld vir privaat skole wat elders (buite Potchefstroom) deur openbare maatskappye opgerig word, bv. deur Curro.

Wat is Totius-Akademie se bestaansrede?

Totius-Akademie staan vir **Christelike onderwys van hoë gehalte in Afrikaans**.²

Wat met **Christelike onderwys** bedoel word, word in twee dokumente **verduidelik**.

1. In *Merktekens van die Christelike skool* word 21 beginsels vir Christelike onderwys bespreek. Hierdie dokument geld as die PCO en Totius-Akademie se skoolcredo. Die dokument dateer van Mei 1998 en is ook in Duits, Portugees en Frans vertaal.
2. In die dokument *Verduidelik grondslag* word uiteengesit waarom die skool spesifiek die reformatoriese belydenisskrifte as grondslag aanvaar. Die onderrig aan die kinders word in 16 punte verduidelik.

Die **waardes** wat die skool onderskryf word geformuleer aan die hand van die sake wat in Galasiërs 5:22-23 as die vrug van die Gees genoem word. Hierdie waardes is: Liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.³

In Totius-Akademie is die onderrigtaal Afrikaans. Enige persoon, ongeag afkoms wat Afrikaanse onderrig verkies, word verwelkom.

Aan wie behoort Totius-Akademie?

Die skool behoort aan 'n **vereniging sonder winsbejag**, bestaande uit ouers en ander belangstellendes. Om lid van dié vereniging (die PCO) te word, moet 'n persoon die grondslag van die vereniging aanvaar en 'n jaarlikse lidmaatskapsfooï betaal. Die grondslag van die vereniging is die Drie Formuliere van Eenheid, soos erken deur verskeie reformatoriese denominasies.

² Vergelyk die dokument: *TA Visie, missie, waardes, leuse en wapen*. Punt 2 van die dokument, wat handel oor die skool se missie, gee meer besonderhede oor elk van die sake in hierdie stelling. Hierdie dokument word aan voornemende ouers beskikbaar gestel.

³ In die dokument *TA Visie, missie, waardes, leuse en wapen* word verduidelik hoe die waardes in die skool neerslag moet vind.

Die vereniging het aanvanklik as die *Potchefstroomse Gereformeerde Ouervereniging* (PGO) bekend gestaan. Omdat "Gereformeerde" verwar is met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, is die naam uiteindelik verander na die *Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging* (PCO).

Die doelstellings van die vereniging het deur die jare dieselfde gebly. Die PCO wil Christelike onderwys op verskeie manier bevorder, waarvan die vestiging en bestuur van Totius-Akademie een manier is. Die PCO kies jaarliks 'n Bestuur, en dié bestuur stel die Beheerraad van Totius-Akademie aan. In praktyk dien meeste van die Beheerraadslede ook op die Bestuur.

Is Totius-Akademie 'n kerkskool?

Lidmate van verskeie denominasies werk saam in die Potchefstroomse Christelike Ouervereniging (PCO) en as ouers in ouerkomitees. Die skool is dus nie gebind aan 'n bepaalde kerkverband (denominasie) nie. Die skool is wel gebind aan 'n spesifieke reformatoriese grondslag.

Wat beteken dit dat Totius-Akademie 'n onafhanklike skool is?

Volgens ons land se grondwet, is daar drie onderwysmodelle: openbare skole, onafhanklike skole en tuisskole. Totius-Akademie is 'n onafhanklike skool, wat beteken dat ons nie deur die staat befonds word nie en ons eie toelatingsvereistes en grondslag kan kies.

Openbare skole mag nie 'n bepaalde godsdiens bevorder nie⁴, terwyl onafhanklike skole, ook genoem 'privaatskole', wel 'n bepaalde godsdiens, soos die Christelike geloof, mag bevorder. Al beperkings is dat die onderwysowerhede sekere standaarde stel waaraan ons moet voldoen en dat ons, soos enige ander instelling, nie op grond van afkoms teen iemand mag diskrimineer nie.

Die skool is ook in ander opsigte onafhanklik. Ons is nie gebind aan 'n bepaalde politieke standpunt nie. Die skool wil ook nie 'n eksklusiewe

⁴ Vgl. Hooggeregshofuitspraak, 2017 in die saak tussen OGO en verskeie openbare skole.

skool wees wat net vir rykes toeganklik is of wat vir sy eienaars wins moet maak nie.

Staan Totius-Akademie heeltemal op sy eie?

As onafhanklike skool het Totius-Akademie verbintenisse met ander skole. Ons behoort aan 'n **familie van skole** met wie ons gereeld byeenkom vir sport en kultuur. Ons gebruik ook gemeenskaplike handboeke wat vakke op Christelike grondslag benader.

Die familie skole aan wie Totius-Akademie behoort is dié van die **ICO** (Instituut vir Christelike Onderwys).

In 1981 is Aksie Reformatoriese Onderwys (ARSO) gestig met die doel om Christelik-Reformatoriese onderwys te bevorder. Daar was op daardie stadium reeds enkele onafhanklike Gereformeerde skole, byvoorbeeld die Johannes Calvynskool in Pretoria. Uit die inisiatief van ARSO het die Gereformeerde Skool Dirk Postma (1987) ontstaan, en daarna ander Gereformeerde skole op verskeie plekke soos Rustenburg, Polokwane (Pietersburg), Nelspruit en Centurion. Tans staan ARSO bekend as die Instituut vir Christelike Onderwys (ICO).

Uit ARSO het ook 'n tersiêre opleidingsentrum ontwikkel, wat tans ongeveer 1 000 onderwysers per jaar oplei. Hierdie opleidingsentrum in Pretoria staan bekend as **Aros** (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies).

Totius-Akademie is ook lid van **Fedsas** (Die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole).

Die skool behou kontak met persone en groepe wat soortgelyke inisiatiewe op ander plekke bevorder, byvoorbeeld die Solidariteit Beweging se **SOS** (Skoleondersteuningsentrum).

Waar moontlik, maak ons van kundigheid van die Noordwes-Universiteit gebruik.

Wie kan by Totius-Akademie inskryf?

Enige ouer of voog wat Christelik-Reformatoriese onderwys deur medium van Afrikaans vir sy/haar kind begeer, kan aansoek doen om toelating. Die skool is nie net vir persone van 'n bepaalde kerklike denominasie of bevolkingsgroep nie.

Die skool keur wel leerders. Verskeie kriteria geld by keuring, waarvan die vernaamste kriterium is dat die leerder die vermoë moet hê om hoofstroomonderwys te ontvang. Totius-Akademie is nie 'n spesiale skool nie en ook nie bedoel as die skool van laaste uitweg vir leerders wat weens persoonlike probleme elders nie heenkome het nie.⁵

Ouers moet ook bewys kan lewer dat hulle die skoolgeld kan betaal. Daar word wel borge geworf sodat beurse aan behoeftige leerders gegee kan word.

Hoe word Totius-Akademie gefinansier?

Die skool word hoofsaaklik gefinansier deur **skoolgeld** wat ouers/voogde betaal. Ouers gaan aan die begin van die jaar 'n kontrak met die skool se Beheerraad aan dat hulle in ruil vir onderwys die skoolgeld sal betaal.

Die skoolgeld vir 2019 sal ongeveer R26 000 per leerder per jaar wees, met afslag vir tweede en derde leerders uit een gesin.⁶

Die skoolgeld is vooruit betaalbaar in tien maandelikse paaiemente van Januarie tot en met Oktober.

By eerste aansoek word 'n nie-terugbetaalbare aansoekfooï van R150 betaal. Jaarliks word by inskrywing 'n registrasiefooï van R600 betaal.

⁵ Die skool se toelatingsbeleid is op aanvraag beskikbaar.

⁶ Die finale bedrag moet nog deur die Beheerraad bepaal word.

Wat maak Totius-Akademie besonder?

Totius-Akademie streef daarna om die **voorkeur-laerskool** in Potchefstroom te wees. Dit is moontlik omdat die skool dinge bied wat ander skole of tuisskooling nie kan bied nie.

1. Slegs 'n onafhanklike skool soos Totius-Akademie kan 'n uitgesproke **Christelike benadering** volg.

'n Christelike benadering sluit die volgende in: Vakonderrig in die lig van die Skrif, asook Bybelonderrig, Kerkgeskiedenis en Basiese Geloofsleer.

2. Ons **beperk** ons **klasgroottes**, sodat daar persoonlike aandag aan elke leerder se behoefte gegee kan word. Kleiner klasse bied 'n geborge omgewing waar aandag aan karakterontwikkeling gegee word en boelie-gedrag aan bande gelê word.

Ons ideale klasgrootte is 15 leerders. Dit beteken dat, wanneer 'n klas meer as 25 leerders het, die klas verdeel word en/of daar van 'n tutor (assistent) gebruik gemaak word.

3. Ons onafhanklikheid laat ruimte vir **groter kreatiwiteit** in die aanbied van vakke, asook die **verryking van die leerplan**.

Hoewel ons moet voldoen aan die vereistes van die onderwysdepartement, het ons meer ruimte as openbare skole as dit kom by die wyse van aanbieding, assessering, inrig van skoolure en dies meer. Tans bied die skool **Klasmusiek** en **Tswana** as ekstra vakke aan, en bied **Liggaamsopvoeding** aan waartydens balvaardighede vir alle leerders aangeleer word. Die skool is besig met die inrigting van sy **rekenaarsentrum** en wil besondere klem plaas op rekenaarvaardighede en rekenaargesteunde onderrig.

4. Die skool **fokus op die hoofbesigheid van 'n skool**, naamlik die skoolwerk. Dit word weerspieël in ons naam: Totius-**Akademie**.

Ons glo dat 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees. Daarom wil ons namate ons groei al hoe meer aandag aan sport gee, veral sport waaraan alle leerders kan deelneem. Ons moedig deelname aan sport en kultuur buite skoolverband sterk aan by leerders.

Ons visie is om kwaliteit onderwys te bied met die oog op sekondêre en tersiêre onderwys. Ons hooffokus bly dus die akademie. Ons wil

leerders op 'n hoër standaard aflewer in Graad 7 as hulle eweknieë by ander plaaslike skole. Ons land kort goed opgeleide mannekrag. In die bedryf moet jy jouself uitpresteer.

In ons skoolwerk konsentreer ons veral op basiese vaardighede: Lees, skryf en wiskunde.

- Daar is 'n **noue band tussen ouers en onderwysers** by Totius-Akademie.

Die feit dat die skool se getalle beperk is en die Beheerraad deur die onderwysvereniging (waaronder ouers) gekies word, beteken dat daar 'n noue band tussen ouers en onderwysers bestaan, wat gewoonlik nie moontlik is by openbare skole nie.

Die onderwysers self is sterk verbind tot Christelike onderwys. Die Beheerraad vra by aanstelling spesifiek na 'n onderwyser se geloofsoortuiging en kan die beste onderwysers met die hand uitsoek.

Watter bykomende dienste bied

Totius-Akademie?

- Daar is tans 'n **nasorgsentrum** by die skool. Ouers wat smiddae werk kan van die diens gebruik maak. Hierdie diens is teen ekstra koste beskikbaar (ongeveer R650 per kind per maand vir 2019).
- Die skool maak gebruik van die dienste van 'n **pastorale berader**. Die diens is gratis beskikbaar vir kinders waarvan die ouers daartoe instem. Indien verdere professionele hulp benodig word, maak die berader aanbevelings aan die ouers. Die verkryging en betaling van professionele hulp sal die verantwoordelikheid van die ouers bly.
- Hoewel die skool om praktiese redes sy **voorskoolse groep** (Graad R en RR) gestaak het, sal ons graag weer met klasse wil begin indien daar genoeg belangstelling is.
- Die skool bied van tyd tot tyd **kursusse en toeligting** aan ouers aan. Hierdie diens is nie slegs vir eie ouers nie, maar ook vir die gemeenskap.

Watter skooljaar en skoolure volg Totius-Akademie

Hoewel baie onafhanklike skole hul eie skooljaar volg (bv. drie termyne in plaas van vier kwartale), stem Totius-Akademie se skooljaar ooreen met Noordwes se openbare skole.

Ons skoolure is tans van 07:30 tot 13:30.

Hoe lyk Totius-Akademie se skooldrag?

Die leerlinge dra almal 'n rooi golfhemp met die wapen van Totius-Akademie en 'n swart kortbroek. Winterdrag is 'n sweetpak waarop die skoolwapen geborduur is.

Waarom word Totius-Akademie as 'n nuwe skool bemark?

Totius-Akademie het in 2017 met nuwe inisiatiewe begin.

- 'n Nuwe bestuurspan (Bestuursraad) is saamgestel, 'n nuwe hoof en 'n nuwe span onderwysers is aangestel, wat 'n vars benadering wil volg.
- In verskeie vakke is na die handboeke van die ICO oorgeskakel, naamlik die Waterstroom-reeks.
- Die skool het 'n doelgerigte werwingsveldtog. Ons glo dat die veranderde omgewing waarin onderwys plaasvind, die behoefte aan 'n skool soos Totius-Akademie groter maak as ooit.

Ten spyte van die nuwe inisiatiewe bly baie dieselfde. Die skool het 'n geskiedenis waarop ons trots kan wees. Trouens, ons is tans besig om kontak te maak met soveel as moontlik van ons oud-leerders van die afgelope 21 jaar. Ons bly verbind tot ons grondslag en die ideaal van konsekwente Christelike onderwys.

Ons neem ook kennis van die feit dat die onderwystoneel die afgelope paar jaar drasties verander het, sodat daar ongekeende belangstelling is

in alternatiewe tot die openbare skole. Openbare Maatskappy soos Curro probeer aan die behoefte voldoen, asook liggame soos SOS en die BCVO. In Potchefstroom is daar ook tientalle ouers wat tuisskoling gee. 'n Nuwe speelveld vereis ook nuwe benaderings.

Wat is Totius-Akademie se strategie vir die volgende aantal jare?

Die hoofklem is om die skool te laat groei deur jaarliks ten minste een klas in die Grondslagfase (Graad 1 tot 3) by te voeg. Ons wil in 2019 twee klasse van 15 leerders vol maak, wat uiteindelik deurgaans na Graad 7. Op dié wyse word 'n nuwe skool *van onder af* gebou.

Totius-Akademie wil daarby die huidige kapasiteit en kundigheid vir Graad 4 tot 7 onderwys behou. Dit beteken daar word ook nuwe leerders in Graad 4 tot 7 toegelaat. Hoewel daar in hierdie grade moontlik min kinders sal wees, sal hulle op 'n individuele basis die gewone skoolonderrig ontvang wat vir elke graad vereis word.

Totius-Akademie se strategie behels dat die skool teen 2021 gaan groei tot 50 na 70 leerders. Indien die groei sodanig is, sal die skool teen 2021 moet besin oor 'n alternatiewe skoolgebou en -terrein.

Wie dien tans op Totius-Akademie se bestuurspan?

Die Beheerraad van Totius-Akademie bestaan uit die volgende persone: Prof. Paul Krüger, Prof. Wynand Putter, Prof. Jorrie Jordaan, Dr. Frieda Theron, Mev. Gene Claassen, Mnr. Lomus Smit en Dr. Magda Pelsers-Van der Merwe. Laasgenoemde is tans die skoolhoof.

Wat het Totius-Akademie se leerders al bereik?

Die skool se grootste prestasie is dat ons leerders volle potensiaal kon ontwikkel. Dikwels is leerders gehelp wat van 'n lae basis af kom en wat daarom moeilik sou kon vorder, om akademies op standaard te kom, selfvertroue te ontwikkel en suksesvol hulle hoërskoolstudies te voltooi.

Die skool het egter leerders opgelewer wat uitgestyg het en in hulle verdere studies uitmuntende **akademiese prestasies** behaal het. Hier is enkele voorbeelde:

- Schalk-Willem Krüger (tweede beste matriekpresteerder in Noordwes; 9 onderskeidings; tans rekenaar-ingenieur in New York)
- Mariska Engelbrecht (voltooi matriek met 6 onderskeidings)
- Hendrik Krüger (voltooi kwalifikasie as rekenaar-elektroniese ingenieur en in BSc; tans ingenieur)
- Nelie Horn (voltooi kwalifikasie as Apteker)
- Johan en Lenie Potgieter (voltooi ingenieurstudies; tans ingenieurs)
- Danie Potgieter (voltooi teologiese studies; tans predikant)

Leerders wat buite skoolverband aan **sport** deelgeneem het, het ook uitstekend presteer:

- Imke en Cara de Kock: Suid-Afrikaanse karate-kampioene in hulle afdelings. Imke verteenwoordig Suid-Afrika in Amerika in 2013.
- Hanno van Wyk: Provinsiale hengelspan in 2017.

Totius-Akademie het deur die jare verskeie **kultuurtoekennings** ontvang:

- In 2007 wen vyf leerlinge 'n landwye kunskompetisie van Nasionale Parke en geniet as prys 'n naweek by Golden Gate. Tertius Dove kom tweede in die B-Afdeling van Lions International se Peace Poster-kunskompetisie.
- Gedurende 2009 neem 6 leerlinge deel aan die Suid-Afrikaanse Poskantoor (Filateliedienste) se seëlontwerp kompetisie. 'n Kalender word saamgestel van die seëls wat die leerlinge ontwerp het en word

versprei na al die Suid-Afrikaanse ambassades. Die skool ontvang ook 'n oorkonde tesame met 'n kalender.

- In 2013 eindig drie van Totius-Akademie se leerlinge die top-10 van die Lions International se Peace Poster kunskompetisie (1e, 4e en 5e plekke)
- In 2014 eindig twee leerlinge onder die top-10 van die Lions International Kunskompetisie.

Hoe kan ek meer oor Totius-Akademie uitvind?

Ouers is welkom om die **skool te besoek** en te kyk wat ons doen. Al vereiste is dat jy vooraf 'n afspraak maak sodat ons gereed is om jou te ontvang (ons onderwysers is dikwels almal besig met klas).

Ouers is ook welkom om te reël dat hul kinders vir 'n dag of twee saam te laat skoolgaan. By Totius-Akademie sê ons: "Elke dag is vir ons opedag".

Indien 'n ouer navraag doen, sal ons graag 'n **ontmoeting** wil reël, by die skool of aan huis, sodat ons persoonlik kan gesels.

Hier is die nodige kontakbesonderhede:

📮 Posbus 19949, Noordbrug, 2522

📞 072 411-1175 (Gene Claassen)

✉️ totiusakademie@outlook.com

Verskaf die volgende inligting in jou navraag:

- Jou naam en selfoonnommer
- Naam van die kind(ers) wat moontlik wil inskryf
- Graad/Grade van die kind(ers)
- E-posadres

Aan die einde van hierdie prospektus is 'n lys van **dokumente** wat jy kan aanvra. Ons stuur dit graag per E-pos.

Kontak ons vandag nog!

Wat moet ek doen as ek besluit om my kind by Totius-Akademie in te skryf?

1. **Doen aansoek om toelating.** Aansoekvorms is by die skool beskikbaar of dit kan van die skool se webwerf afgelaai en per E-pos aangestuur word. Dis belangrik om daarop te let dat die skool verskeie dokumente sal benodig soos rapporte van die vorige skool, bewys van adres, getuigskrif en bewys van inkomste. 'n Klein aansoekfooi is betaalbaar.
2. **Registrasie:** Nadat die aansoek om toelating deur 'n toelatingskommissie oorweeg is en die kind(ers) tot die skool toegelaat word, word 'n registrasievorm ingevul. Die registrasievorm is tegelyk 'n kontrak tussen die skool en die ouers, asook 'n vrywaringsvorm vir uitstappies. 'n Registrasiefooi is betaalbaar.

Nog meer inligting oor Totius-Akademie is op aanvraag beskikbaar

Die volgende dokumente is op aanvraag beskikbaar. Sommige daarvan word saam met die aansoek- of registrasievorm verskaf.

- TA Visie, missie, waardes, leuse en wapen
- TA Toelatingsbeleid
- TA Verduidelik grondslag
- TA Gedragskode
- PCO Grondwet
- PCO Drie Formuliere van Eenheid
- PCO Skoolcredo
- PCO Lidmaatskapvorm